

**4 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jakobus 2:14–26**  
**Fokusgedeelte: Jakobus 2:14-17, 26**

**Doen goeie werke sodat jou geloofslewe kan asemhaal**

Het jy al vir 'n paar sekondes, vir minute probeer ophou asemhaal? Dit werk net nie. Jy kan sterf as jy dit doen. Ons liggame het tog voortdurend suurstof nodig om te lewe.

So is dit ook in ons geloofslewe. As ons nie in ons geloofslewe asemhaal nie, sterf ons geestelike. Ons geloof word nutteloos. Dit gebeur wanneer ons 'n ontoelaatbare skeiding maak, naamlik wanneer ons God se genade van sy eise losmaak, as ons ons regverdigmaking en ons heiligmaking skei, as ons geloof sonder werke wil besit. Goeie werke is werke wat uit die geloof tot eer van God en tot heil van my naaste gedoen word: die beker water wat ek gee aan dié wat dors het, die klere wat ek gee aan dié wat koud kry, die besoek aan die sieke, die bemoediging aan die moedelose.

God het dit so beskik dat geloof nie sonder werke kan bestaan nie. God het nie die mens nodig om salig te maak nie, maar Hy verkies om dit nie sonder die mens 'n volle werklikheid in ons lewens te maak nie. As jy die eenheid tussen geloof en werke verbreek, verloor jy alles!! Dan is jou geloof morsdood soos 'n liggaam wat gesterf het omdat die suurstoefvoer permanent afgesny is.

Haal dan elke oomblik asem – doen goeie werke. Leef naby aan die Here sodat sy genade deur jou werk. Dan sal goeie werke spontaan uit jou geloof voortvloei. Verwyder alles wat jou geloofslugweë kan laat toetrek: luiheid, koudheid en liefdeloosheid teenoor ander, onvermoë om die nood van ander raak te sien en iets daaraan te wil doen. Stel jou daarop in om vandag jou geloof al sterker te maak deur die suurstof van goeie werke. Dan sal jou geloofslewe asemhaal!

*Sing: Skrifberyming 43:1,2*

*Ds HG Schutte (Krugersdorp-Oos)*